Skriflesing : Miga 6:1-8 en Matteus 5:1-12
Tema : Verskuilde en verdraaide geluk: Arm van gees en sagmoedig?

## Broodjies vir die Pad

**"What hurts you, blesses you. Darkness is your candle."**
*— Rumi*

**"In notes for his treatise on painting, Leonardo recommended to young artists this practice of walking around town, finding people to use as models, and recording the most interest of them with slight strokes in a little book which you should always carry with you," he wrote. The positions of the people are so ifinite that the memory is incapable of retaining them, which is why you should keep these sketches as your guides.**
*— Walter Isaacson, Leonardo da Vinci*

**"The salvation of this human world lies nowhere else than in the human heart, in the human power to reflect, in human meekness and human responsibility."**
*— Vaclav Havel*

**"The people who hanged Christ never, to do them justice, acused him of being a bore - on the contrary, they dynamic to be safe. It has been left for later generations to muffle up that shattering personality and surround him with an atmosphere of tedium. We have efficiently pared the claws of the Lion of Judah, certified him "meek and mild" and recommended him as a fitting household pet for pale curates and pious old ladies thought him too Doctrine."**
— *Dorothy L. Sayers,* Letters to a Diminished Church: Passionate Arguments for the Relevance of Christian

**"He ate and drank the precious words,**
**His spirit grew robust; He knew no more that he was poor, Nor that his frame was dust.**
**He danced along the dingy days,**
**And this bequest of wings**
**Was but a book. What liberty**
**A loosened spirit brings!"**
*— Emily Dickinson*

**"What I've found is that country doesn't refer to where you grew up as much as where your heart grows down, where it takes root. Country is a state of mind. I believe what ultimately defines being country is simple: a loving heart, a helping hand, an open mind, poor in spirit." —**
*Clay Walker*, Jesus Was a Country Boy: Life Lessons on Jordaan Faith, Fishing, and Forgiveness

**"Was all that we called culture, spirit, soul, all that we called beautiful and sacred, nothing but a ghost long dead, which only a few fools like us took for true and living? Had it perhaps indeed never been true and living? Had all that we poor fools bothered our heads about never been anything but a phantom?"**
— Hesse Hermann

**"Living in a climate of deep insecurity, Jesus, faced with so narrow a margin of civil guarantees, had to find some other basis upon which to establish a sense of well-being. He knew that the goals of religion as he understood them could never be worked out within the then-established order. Deep from within that order he projected a dream, the logic of which would give to all the needful security. There would be room for all, and no man would be a threat to his brother. "The kingdom of God is within." "The Spirit of the Lord is upon me, because he hath anointed me to preach the gospel to the poor."**
*-Howard Thurman, Jesus and disinherited*

**"Be poor, go down into the far end of society, take the last place among men, live with those who are despised, love other men and serve them instead of making them serve you. Do not fight them when they push you around, but pray for those that hurt you. Do not look for pleasure, but turn away from things that satisfy your senses and your mind and look for God in hunger and thirst and darkness, through deserts of the spirit in which it seems to be madness to travel. Take upon yourself the burden of Christ's Cross, that is, Christ's humility and poverty and obedience and renunciation, and you will find peace for your souls."**
*- Thomas Merton,New Seeds of Contemplation*

**"For the whole of life consists of nothing but contradictions. The rich are the poor in spirit; the many little men hold the power, and the great only serve the little men. I've never met such proud people as the humble; I've never met an uneducated man who didn't believe himself in a position to criticise learning and to do without it."**
— August Strindberg, The Road to Damascus

**"Jesus.. says, 'Let go of your complaints, forgive those who loved you poorly, step over your feelings of being rejected, and have the courage to trust that you won't fall into an abyss of nothingness but into the safe embrace of a God whose love will heal all your wounds."**
— *Henri J.M. Nouwen*, Here and Now: Living in the Spirit

**"But I did learn from Leonardo how a desire to marvel about the world that we encounter each day can make each moment of our lives richer."**
— *Walter Isaa*cson, Leonardo da Vinci

**"One way to remember who you are is to remember who your heroes are."**
*— Walter Isaacson, Steve Jobs*

●●●

**WILHELM JORDAAN: HOEKOM MAAK PARTY TUIN EN ANDER LIEFS NIE?**
Netwerk 24

Mevrou vra: "Janneman, hoe lyk die tuin vir jou?" Janneman, ons tuinman, kyk effens verleë grond toe en sê saggies: "Hier's baie liefde in die tuin, mevrou."
En ek weet opeens Janneman verstaan wat by baie ander verbygaan; dat liefhê en tuinmaak ineengerank is soos

liggaam en gees. Net nou die dag nog, met Kersfees, het Janneman kom vra vir die "regte woorde" vir 'n spesiale iemand.

Soos A.G. Visser dit gesê het in "Rosa Rosa-rum": "Kom na MAAK,PA aan die nag; / kom in die soel someraande en luister / – wanneer die nagwind hul drome verklaar – / na die veelvuldige blommegefluister . . ." En wat die Duitse digter Friedrich Hölderlin laat skryf het: "Die welluidende gesuis / van die bome in die bos was my skool / en van die liefde het ek / tussen die blomme geleer."

Ek kyk verby Janneman na my geliefde en ek weet hoeveel liefde, trane en rousmart is op dié lappie grond uitgestort in jare wat verby is. Hoe blomme geliefdes se name en herinneringe oproep; name wat saam met die wind sing – 'n katjiepiering hier; 'n speldekussing daar; 'n suikerbos; klompies fynbos en kosmos. En nou, met ons en Janneman-se gesamentlike ywer, dolwe ons die grondjie om tot 'n kleurryke Weskus-parkie. Daar is selfs 'n populierwoudjie van koelte en stilte, so saam met die blomme wat bepland en uit "die Heer se beste saad per ongeluk gelek" het.

Agterna wonder ek wat dit is wat mense laat tuinmaak en bome plant of om dit glad nie te wil doen nie. Is dit bloot vertonerige opportunisme?

Agterna wonder ek wat dit is wat mense laat tuinmaak en bome plant of om dit glad nie te wil doen nie. Is dit bloot vertonerige opportunisme? Tuine en bome is mos esteties bevredigend en jy kan lekker ontspan in jou tuin of in dorpe en stede se parke. Tuine en bome is ook 'n bate vir jou huis se waarde. Daarom huur sommige mense landskapargitekte en beroepstuiniers om die spoggerigste tuin in die buurt te hê.

'n Edeler rede is dalk 'n ontwikkelde ekologiese bewussyn; van 'n lewende ekostelsel waarin die enorme (die aarde, sterre, son en heelal) en die kleine (partikels, atome, mikrobes, mense, plase, tuine, parke, gemeenskappe en samelewings) in fyn ewewig is. En dat dít alles in mekaar se beskutting moet saamleef. Dalk is die afwesigheid van dié bewussyn die rede vir die mens se brutale weiering om die omgewing te bewaar, tuin te maak, bome te plant.

Maar miskien is mistiek die eintlike rede vir tuinmaak. Soos C. Louis Leipoldt dit eens op 'n klip in die Kirstenbosch Botaniese Tuin in Kaapstad aangestip het: "Ek kom vir die blomme wat kom en gaan; die blomme kom en gaan vir my wat kom en gaan." Dís mos die allereenvoud van bestaan, het ek gedink – die kom en gaan van alle lewensdinge in jou eie en elke ander mens se leefbeurt; hoe kort en vlugtig dit ook al is.

Miskien is dit dan soos die Mexikaanjordase digter Octavio Paz sê: " 'n Tuin is nie 'n plek nie. Dit is 'n deurgang. Waarheen weet ons nie, maar om deur die tuin te gaan, is genoeg. Want om daardeur te gaan, is om vir altyd te bly."

Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.

**BROOD VIR DIE PAD**

**PIETER MALAN | DIS MOS OOK DIE GELOOF VAN VRAE VRA**

Tydens 'n onlangse besoek aan my grootworddorp pak die begeerte my om weer 'n diens by te woon in die kerk waar ek 'n aansienlike tyd van my vormings-jare deurgebring het.

Soos baie van my generasie is ek kerklos, die vervreemding makliker gemaak deur die verdrukkende sameswering tussen staat en kerk van destyds. Vir sommige tydgenote het dit woede en wonde gelaat wat nou nog nie bedaar of genees het nie.

In my geval het 'n groter wordende bewondering vir die Joods-Christelike tradisie – in geen geringe mate gevoed deur die manier waarop hierdie tradisie deesdae verkleineer, geringgeskat en gebrandmerk word as inherent boos en onderdrukkend – my met ander oë na geloof en kerk laat kyk.

Ons generasie – gelowiges en ongelowiges – gaan nog eendag die wrang vrugte pluk van die wyse waarop ons godsdiensonderrig uit ons skole verdryf en ons kinders die ryke tradisie van ons gedeelde kulturele herkoms ontsê het. Die verhaal hoe kerke en onderwysowerhede nie kreatief genoeg kon dink om hande te vat om die probleem te oorkom nie, moet nog geskryf word. Die gevolg is dat ons nou sit met twee uiterstes: Aan die een kant is daar onderwysers wat nie met 'n tang wil vat aan enigiets wat na godsdiensonderrig ruik nie – nie omdat hulle wil nie, maar omdat hulle nie lus is vir die probleme nie.

En aan die ander uiterste sit skoolhoofde wat hulle sommer self as amateur-teoloog en oordeelsdagprediker aanstel om godsdiens-skeptiese kinders en hul ouers net te ontstig en vervreem van georganiseerde godsdiens (en uiteindelik hul eie kulturele wortels). Die gevolg is dat ons kinders nie eens meer kan sin maak van 'n judaskus nie – en waar begin 'n mens verduidelik waarom 'n Delila verleidelik is?

Ek lees êrens dat Latyn as vak in die 1900's verpligtend was in die helfte van alle Amerikaanse openbare skole. Teen 2010 het slegs 16 van die voorste Amerikaanse universiteite nog 'n kursus oor die wortels van die Westerse beskawing aangebied.

Die gemiddelde student weet reeds gevaarlik min van die klassieke. Binnekort is ons almal nog boonop reddeloos onbewus van ons gedeelde Joods-Christelike afkoms.

Watter tragiese einde van 'n tradisie wat juis die klem lê op die rede – 'n idee wat teruggevoer kan word tot Sokrates se aandrang dat 'n lewe wat nie aan ondersoek onderwerp word nie, nie 'n lewe werd is nie.

Ek kan heeltemal verstaan dat die Godheid van Jesus vir sommige 'n absolute geloofsaak is.
Ons kinders behoort trots te wees dat daar in hul kultuurtradisie deur die eeue heen algaande plek gemaak is vir almal – van heiliges tot ketters – en dat ons metterwoon afgesien het van die behoefte om andersdenkendes aan die brand te steek, te stenig of jouself en ander op te blaas in die hoop dat daar vir jou 72 maagde in die hiernamaals wag.

As ek so luister na die teologiese spiese wat geslyp word vir dr. Peter Nagel na aanleiding van sy vrae oor die Godheid van Jesus wonder 'n mens of die kerkvaders wat so teen hom uitvaar besef dat hulle binne hierdie tradisie van ondersoek en bevraagtekening staan.

Ek kan heeltemal verstaan dat die Godheid van Jesus vir sommige 'n absolute geloofsaak is. Maar terwyl ek vir die eerste keer in jare in my grootwordkerk sit, besef ek dat daar ook sin te vind is in die sensoriese genot van die koel halfskemer; die wyse waarop 'n behendige orrelis 'n transendente groter as onsself uit haar vingers toor; of die wyse waarop 'n wildvreemdeling met sy gesangeboekie naderskuif sodat jy ook 'n lofgesang kan aanhef tot hierdie onpeilbare goedheid.

Maar helaas. Die orrel, betaal met ontelbare skottels koekstruif, proes deesdae net wind en mev. Dominee se bewende falsetto as sy 'n onwillige gemeente tot groter hoogtes aanspoor, het nou 'n paar voorsingers met 'n mic in die hand geword.

Selfs die vreemdeling met die swart gesangboek is oorbodig omdat die woorde nou met 'n projektor op die mure gekaats word.

Op die preekstoel van my grootwordkerk staan drie besonder mooi houtstoele – 'n grote in die middel en twee kleineres aan die kant.

My jeugdige sin vir simmetrie wou hê hy moet in die middel sit.
Van kleintyd al wonder ek waarom die predikant altyd op die stoel aan die linkerkant gaan sit het tydens die seldsame geleenthede dat hy 'n blaaskans geneem het van die swael en vuur wat hy voortdurend geblaas het. My jeugdige sin vir simmetrie wou hê hy moet in die middel sit – sodat die wêreld mooi in balans kan wees.

So gebeur dit toe dat, met my mees onlangse besoek, die dominee uiteindelik in die middelste stoel gaan plaasneem. En net daar, in daardie presiese moment dat sy teologiese bas die rottangsitplek tref, besef ek wat ek nooit verstaan het nie: Die drie kruise op Golgota. Dis 'n simboliek wat my kinderjare-dominees nie verbygegaan het nie – dat die sondaar nie die Verlosser se plek op die troon waardig is nie.

Hoe het dit gebeur dat ons die ontvanklike respek verloor het vir die ryke – soms moeilik peilbare – simboliek wat selfs 'n eenvoudige, plattelandse kerkgebou soos hierdie steeds adem?

Of is ons reeds so reddeloos daarmee heen dat ons nie eens weet wie die filistyne is wat op ons is nie – of waarom hulle so genoem word nie.
Netwerk24

**'Moeder van malvapoeding' sterf**
**akkreditasie SARIE.com-span**
**Netwerk24**

Maggie's Malva Pudding – The Original as published by Michael Olivier.

Our family pays special tribute to our dearest friend, Maggie Pepler who would have turned 89 years of age on May the 1st. She was not only a friend but in many instances a mother to many. She taught us about caring for those who have less, how to enjoy the small simple things in life, to appreciate nature and to be non-judgemental. Her cooking and Wednesday morning classes will long be remembered by the few who had the privileged to attend. Maggie was the inventor of the now well known Malva pudding which is legendary in South Africa and after 50 years, feature on most restaurant desert menus. Many diversions of the original recipe have been tested but without a doubt, the original as Maggie has written it down, proofed to be the best. Serve with thin homemade custard and ice cream.

For the batter: 250 ml flour, 15 ml bicarbonate of soda, 250 ml sugar, 1 egg, 15 ml apricot jam, 15 ml vinegar, 15 ml melted butter, 250 ml milk.

For the sauce: 125 ml cream, 125 ml milk, 250 ml sugar, 125 ml hot water, 125 g butter.

Method: Preheat oven at 180°C. Grease, with butter, an ovenproof glass or porcelain container, approximately 30cm x 20cm x 5cm. Do not use an aluminium, enamel or any metal container. Cut a piece of aluminium foil large enough to cover dish during baking and grease it well with butter on one side.

Sift the flour and the bicarb into a bowl and stir in the sugar. In another bowl beat the egg very well and add the remaining ingredients (excluding those for the sauce) one by one, beating well between each addition. Using a wooden spoon beat the wet ingredients into the dry ingredients and mix well. Pour the batter into the prepared baking dish, cover with the foil, greased side down and bake for 45 minutes in the present oven until well risen and brown and for a further five minutes without the foil if not sufficiently brown. If not sufficiently baked the dessert will not absorb all the sauce thus making it stodgy. When the pudding is almost done, heat the ingredients for the sauce, ensuring that you melt all the sugar and butter. When the pudding is cooked, remove from the oven, take off the foil and pour over the sauce. The pudding will absorb all the sauce. Serve hot with a little thin cream or vanilla custard. Best served warm or at room temperature, though warm is best.

Serves 6

**wynandgnel@outlook.com 082 901 5877**